**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 19 OKTOBER 2021 OM 11:20 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester (Voorsitter) |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| | | : | |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. C Cornelissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/10/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

Die Voorsitter rig 'n spesiale woord van dank aan die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur vir sy werk gedoen met die "Active Box", Piketberg.

***

**BKN002/10/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer Van Rooy – siekteverlof
Direkteur Gemeenskapsdienste – siekteverlof
Interne Ouditeur – vakansieverlof

***

**BKN003/10/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/10/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 SEPTEMBER 2021**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter stel die notule vir goedkeuring.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 28 September 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/10/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 SEPTEMBER 2021**
***(‘n Opgedateerde verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder hou die Implementeringsverslag voor ter inligting.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 28 September 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN006/10/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/10/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO’S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/10/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededeling:

Die Voorsitter bedank die Administrasie vir goeie samewerking tussen Raadslede en Administrasie ter bevordering van dienslewering aan die gemeenskap van Bergrivier.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee baie trots kan wees op die goeie wyse waarop Bergrivier Munisipaliteit bestuur word. Sy bedank die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir goeie samewerking om die visie en missie van Bergrivier Munisipaliteit uit te voer.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/10/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/10/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/10/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INKOMSTEBESTUUR MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2021</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die staande komitee kennis neem van die bogenoemde Inkomstebestuur werksaamhede vir die periode tot 30 September 2021;

2. Dat kennis geneem word dat daar een tydelike aanstelling vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 September 2021 van die Departement Finansies was (Hoofklerk: Inkomste). Hierdie aanstelling is gemaak nadat die deernislys nagegaan is en geen geskikte persoon gevind kon word nie; en

3. Dat goedkeuring gegee word om aansoeke vir korting op eiendomsbelasting vir pensioenarisse wat na 01 Julie 2021 ontvang is, terugwerkend te implementeer, dus vanaf 01 Julie 2021 en dat enige rente wat intussen op sodanige bedrae gehef is teruggeskryf word.

***

**BKN012/10/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AFSKRYF VAN EIENDOMSBELASTING GEHEF OP ‘N DEBITEURE REKENING: MNR. VAN SCHALKWYK</u>**
**3/4/4**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die bedrag van R 22,287.00 afgeskryf word op rekening 285821; en

2. Dat indien Mnr. Van Schalkwyk die uitstaande balans eenmalig afbetaal die rente afgeskryf word en dat die Direkteur Finansiële Dienste gemagtig word om die onderhandeling af te handel.

***

**BKN013/10/2021**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AFSKRYF VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENINGE**
**3/4/4**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die onderstaande bedrae geag word as oninvorderbaar, en dat goedkeuring verleen word tot die afskrywing daarvan:

   1.1 Rekening 131437, ten bedrae van R 3,919.63;

   1.2 Rekening 276633, ten bedrae van R 30,112.43;

   1.3 Rekening 42843, ten bedrae van R 3,997.61;

   1.4 Rekening 38646, ten bedrae van R 5,614.07;

   1.5 Rekening 116527, ten bedrae van R 13,200.12;

   1.6 Rekening 47873, ten bedrae van R 39,182.35

   Totaal: R96,026.21; en

2. Dat die rekeninghouers in-persoon die finansiële kantoor besoek en gesprekke fasiliteer oor die uitstaande rekeninge, voordat die afskrywings op die stelsel gedoen word.

***

**BKN014/10/2021**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BEPALINGS VAN EIENDOMSKATEGORIEË VIR DIE ALGEMENE WAARDASIE 1 JULIE 2023 TOT 30 JUNIE 2028**
**3/4/4**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die volgende kategorieë van eiendomme vasgestel word vir die doeleindes van die algemene waardasierol vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2028:

   a) Residensiële eiendomme;
   b) Institusionele eiendomme;
   c) Industriële eiendomme;
   d) Kommersiële eiendomme;
   e) Landbou eiendomme;
   f) Munisipale eiendomme;
   g) Publieke oop ruimtes;
   h) Publieke Dienste Infrastruktuur (PSI);
   i) Publieke Dienste Doeleindes (PSP);

2. Dat 'n sub-kategorie van vakante erwe/persele ingevoeg word onder residensiële-, industriële- en kommersiële eiendomme; en

3. Dat die beginsel van Oorheersende gebruik van die eiendom toegepas word by die bepaling van die kategorie vir belastingdoeleindes.

***

**BKN015/10/2021**

**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ALGEMENE WAARDASIELYS VAN BELASBARE EIENDOMME BINNE DIE BERGRIVIER MUNISIPALE JURISDIKSIE**

**3/4/4**

***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae F)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Die datum van waardasie bepaal word as 1 Julie 2022; en
2. Die tydperk vir die algemene waardasielys ingevolge Artikel 32 (1)(b)(ii) van die Munisipale Eiendomsbelastingwet 2004, (Wet 6 van 2004) moet vasgestel word as 'n 5 (vyf) jaar periode, dus vanaf 1 Julie 2023 tot en met 30 Junie 2028.

***

**BKN016/10/2021**

**SESDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TABLING OF LIST OF EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES 2020/2021**

**3/4/4**

***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae G)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

That Council note the list of exemptions, reductions and rebates as per table above, in the amount of R 4,586,485.90 as revenue foregone during the 2020/2021 financial year, as per section 15(1)(a)(b) of Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2004.

***

**BKN017/10/2021**

**SEWENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: THE SAFE UTILIZATION OF HALLS AND SPORTS FACILITIES DURING COVID ADJUSTED LEVEL 1**

***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae H)***

Die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

It is recommended that BKN012/03/2021 be repealed and replaced with the following:

1.1 The utilization of all sports-facilities and clubhouses in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols;

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

1.2 The utilization of all halls, in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols;

1.3 That the Municipality support the safe return of spectators to sport events as determined in Gazette no. 1024 of 11 October 2021;

1.4 The utilization of our resorts at full capacity, in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols;

1.5 That regional and provincial sporting - or cultural events be allowed in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols; and

1.6 That regional and provincial sporting - or cultural events be considered on a case to case merit base by the Municipal Manager in conjunction with the Executive Mayor from Alert Level 2 and up.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN018/10/2021**

**<u>AGSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE: KWARTAALLIKSE VERSLAG</u>**

**9/1/2**

***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae H)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die kwartaallikse verslag.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN019/10/2021**

**<u>NEGENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AANSOEKE VIR "WENDY" HUISE</u>**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Die Munisipale Bestuurder en Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat volstaan word by die Kredietbeheer beleid, maar dat die spesifieke familie aangemoedig word om 'n reëling te tref en sodra die reëling getref is sal dit gebruik word as bewys om voort te gaan met die aansoek proses; en

2. Dat indien daar ander oorwegings is dit aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir besluitneming.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE EN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN020/10/2021**
**<u>TIENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: DEERNIS/SUBSIDIES AANSOEKE (BELEID)</u>**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Finansiële Dienste vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN021/10/2021**
**<u>DIE VERLENGING VAN DIE HUUROOREENKOMS VAN DIE JEUGKAFEE VIR 'N PERIODE VAN NEGE (9) JAAR EN SES (6) MAANDE</u>**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van bogemelde proses;

2. Dat die Raad in-beginsel goedkeuring verleen vir die verlenging van die huurooreenkoms vir die tydperk van Nege (9) jaar en Ses (6) maande (1 Januarie 2022 - 30 Junie 2031); en

3. Dat indien enige insette ontvang word van enige van die 3 departemente, soos genoem in die verslag, die item weer na die raad verwys sal word.

***

**BKN022/10/2021**
**<u>AANSTELLING VAN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**2/2/3; 4/3/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

**AANBEVELINGS VIR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE:**

1. Dat die samestelling van die paneel aanbeveel word aan die Raad soos aangedui in paragraaf 4 in die verslag; en

2. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen **Vrydag 22 Oktober 2021** hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

**AANBEVELINGS VIR DIE RAAD:**

Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur, soos genoem in paragraaf 4 van die verslag:

4.1 Die Munisipale Bestuurder (Adv Hanlie Linde);

4.2 Lid van die Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die funksie (Tegnies);

4.3 ‘n Eksterne persoon met relevante kennis en vaardighede (expertise). Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Direkteur Tegniese Dienste van Swartland Munisipaliteit, mnr. Louis Zikman, ingestem het om Bergrivier Munisipaliteit hiermee behulpsaam te wees en dat toestemming hiervoor verkry is vanaf die Munisipale Bestuurder van Swartland Munisipaliteit.

Bo en behalwe die bogenoemde wetlik vereiste paneellede, word ook aanbeveel dat:

4.4 Die Uitvoerende Burgemeester *ex officio* genooi word om die verrigtinge van die aanstellingspaneel observerend by te woon;

4.5 Dat een (1) Raadslid van die opposisie party(e) genooi word om die verrigtinge van die aanstellingspaneel observerend by te woon; en

4.6 Dat beide die amptelike vakbonde verteenwoordig in Bergrivier Munisipaliteit, naamlik SAMWU en IMATU, genooi word om 1 verteenwoordiger elk te benoem om die verrigtinge van die aanstellingspaneel observerend by te woon.

***

**BKN023/10/2021**

**<u>DRAFT MANAGEMENT PLAN FOR THE PIETIE FREDERICKS YOUTH CENTRE IN PIKETBERG</u>**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. That Council considers an in-principle decision with regards to the management of the Pietie Fredericks Youth Centre by the Initiative for Community Advancement (ICA) after discussions is facilitated with regards to a management contract before a final decision is made;

2. That the attached draft Management Plan for the Pietie Fredericks Youth Centre is approved;

3. That Council considers budgeting for the management of the Centre, which will include the position of the caretaker;

4. That Council considers budgeting for the furnishing of the centre once it has been built and a complete costing could be made on the furniture required for each unit;

5. That Council considers making provision for the completion of the Centre as outlined in the Management Plan; and

6. That Provision is made for the maintenance of the centre as well as insurance on the physical infrastructure.

***

***(Die Munisipale Bestuurder verlaat die vergadering om 13:05 met toestemming vir 'n OVK-vergadering, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste waarneem as Munisipale Bestuurder)***

**BKN024/10/2021**
**AMENDMENT TO THE STRUCTURES ACT IMPACTING ON MUNICIPAL COUNCILS**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae I)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig;
2. Dat die Gedragskode vir Raadslede (Bylae 1 van die Stelselswet, 2000 (Wet No.32 van 2000), deur Bylae 7 van die Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig, vervang word ***(Bylae C in die verslag)***; en
3. Dat die konsepbeleid insake Reëls vir die Hou van Vergaderings van Bergrivier Munisipaliteit ooreenkomstig die wysigings, soos vermeld in die verslag, goedgekeur word, soos van toepassing vanaf 01 November 2021 (***Bylae D in die verslag).***

***

**BKN025/10/2021**
**FUTURE USE OF PROPERTY: BOKKOMLAAN VISHUIS NO. 11 ON ERF 486, VELDDRIF**
**7/1/3/2; V.486**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. That Bergrivier Municipality does not require use of the premises for municipal related service delivery;
2. That Vishuis No. 11 be made available on tender to be used as a Restaurant for a period of 9 years and 11 months, on condition that the successful tenderer must allow for the incorporation of the Weskus sea food / Bokkomlaan / bokkom industry history in the restaurant through exhibition/décor as well as information literature (on menus, through pamphlets or QR Codes);
3. That the tender will be subject to all relevant Supply Chain Management processes and regulations; and
4. That Council take note of the Valuation value of R 2, 5 million of Erf 486, of which Vishuis 11 is a part of.

***

***(Raadsheer De Vries verlaat die vergadering om 13:20 met toestemming)***

**BKN026/10/2021**
**REVIEW BY MEANS OF TECHNICAL EVALUATION AND ACTIONS REQUIRED FOR AMENDMENT OF THE BERGRIVIER MUNICIPALITY: INTEGRATED ZONING SCHEME BY-LAW**
**15/3/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. That Council acknowledges the Bergrivier Municipality: Integrated Zoning Scheme By-Law review that was done in terms of Section 27 of the Spatial Planning and Land Use Management Act, No. 16 of 2013 (SPLUMA), read together with clause 4(f) of the Disaster Management Act No. 57 of 2002: Directions relating to Spatial Planning, Land Use Management and Land Development Processes, published on 7 August 2020, which was based on technical evaluation, together with the findings;

2. That based on the review findings, amendment of the Bergrivier Municipality: Integrated Zoning Scheme By-Law be done, with an intergovernmental steering committee in accordance with Section 25(a) of the Western Cape Land Use Planning, Act No. 3 of 2014 (Western Cape LUPA);

3. That the intergovernmental steering committee, in accordance with Section 26(1) of the Western Cape LUPA, consist of at least:

   (a) the municipal manager or a municipal employee designated by the municipal manager (e.g. the Manager Town Planning and Environmental Management); and

   (b) representatives of-

      (i) the municipality, nominated by the municipal manager (e.g. Town Planner (East) and Town Planner (West));

      (ii) the relevant district municipality, nominated by its municipal manager;

      (iii) the Department (provincial department responsible for land use planning), nominated by the Head of Department; and

4. That Council nominates the chairpersons of the Technical- and Corporate Services Committees as representative(s) on the intergovernmental steering committee.

***

**BKN027/10/2021**
**2021/22 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2021 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**4/7/6; 5/1/1**

**AANBEVELINGS: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2020) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

**BKN028/10/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: SEPTEMBER 2021**
**12/2/2/21**

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for September 2021.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN029/10/2021**
**NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 06 APRIL 2021, DINSDAG 04 MEI 2021, DINSDAG 01 JUNIE 2021 EN DINSDAG 06 JULIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 06 April 2021, Dinsdag 04 Mei 2021, Dinsdag 01 Junie 2021 en Dinsdag 06 Julie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN030/10/2021**
**NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 06 APRIL 2021, DINSDAG 04 MEI 2021, DINSDAG 01 JUNIE 2021 EN DINSDAG 06 JULIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Tegniese Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 06 April 2021, Dinsdag 04 Mei 2021, Dinsdag 01 Junie 2021 en Dinsdag 06 Julie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN031/10/2021**
**NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 APRIL 2021, WOENSDAG 05 MEI 2021, WOENSDAG 02 JUNIE 2021 EN WOENSDAG 07 JULIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 April 2021, Woensdag 05 Mei 2021, Woensdag 02 Junie 2021 en Woensdag 07 Julie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN032/10/2021**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 08 APRIL 2021, DONDERDAG 06 MEI 2021, DONDERDAG 03 JUNIE 2021 EN DONDERDAG 08 JULIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Finansiële Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Donderdag 08 April 2021, Donderdag 06 Mei 2021, Donderdag 03 Junie 2021 en Donderdag 08 Julie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN033/10/2021**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 APRIL 2021, WOENSDAG 05 MEI 2021, WOENSDAG 02 JUNIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 April 2021, Woensdag 05 Mei 2021 en Woensdag 02 Junie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN034/10/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN035/10/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN036/10/2021**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN037/10/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS:</u>**

Geen

***

**BKN038/10/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN039/10/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***